HOE LYK DIE BEGINSELS VAN GOEIE VELDBESTUUR?

I.B. Oosthuizen, Suidwes Landbou, Leeudoringstad.

Aanbevelings t.o.v. veldbestuur vind dikwels nie die inslag of toepassing soos verlang nie, deels omdat veldverbetering as resultaat van goeie veldbestuur oor 'n relatief lang tyd plaasvind en goeie reaksie nie altyd gou waarneembaar is nie. Verder is die werklike impak van 'n sekere benadering of toepassing van 'n wei- of benuttingstrategie nie altyd aan die bestuurder bekend nie.

Die weiding-ekosisteem se produktiwiteit op die kort termyn is 'n gevolg van klimaatvariasies, veeladings, bestuurstelsels en die soort dier waarmee geboer word. Dus is veld in 'n goeie toestand die resultaat van korrekte bestuur binne die komplekse wisselwerking en interaksie tussen die veldplante as weiding, die vee as die agent waarmee die veld benut word, die klimaat en die bestuurder wat besluite neem en uitvoer. Die klimaat as sulks is 'n gegewe en die reaksie van plante op verskillende tipes ontblaring is geneties vasgelê. Die enigste entiteite waaroor ons dus werklik beheer het, is die vee waarmee ons die veld benut en die manier van benutting (bestuurder).

Nagenoeg 66% van Suid-Afrika se weiveld is in 'n redelike tot ernstige fase van agteruitgang. Dit is die relatiewe gehardheid, betreklike stabiliteit en veerkragtigheid van veld, wat onoordeelkundige benutting en oorbenutting oor dekades moontlik gemaak het. Permanente verandering en degenerasie van bedekking vind so langsaam plaas dat 'n boer dit in sy aktiewe leeftyd nie eintlik so sal agterkom dat hy ernstige bedenkinge daaroor het, of dit hom tot ander insigte tot veldbenutting en -bewaring instem nie. Die betreklike spoedige reaksie van veld na goeie reën dra by tot die sogenaamde optimisme van die boer. Hoewel die boer sekere doelstellings t.o.v. veldbestuur mag nastreef, oortref die voordurende drang en strewe na die bevrediging van onmiddelike finansiële behoeftes dikwels die selfdissipline vir die bereiking van stabiliteit oor die langtermyn.

Doelstellings van veldbestuur

Die doelstellings van veldbestuur kan opgesom word as 'n strewe na volgehoue maksimale diereproduksie oor die langtermyn, om die maksimum beskerming aan die vrugbare grond te verleen en om 'n ekonomies geregverdigde benuttingsmetode as bewaringsboerdery daar te stel. Om hierdie drie (3) doelwitte binne die breë doelstelling te bereik, is daar noodwendig 'n kompromie.

Vir maksimale of optimale diereproduksie is volgehoue konstante hoë produksie van hoë kwaliteit voer op die veld nodig. Verder is doeltreffende benutting en omskakeling van beskikbare materiaal na hoë kwaliteit diereprodukte 'n vereiste.

Vir maksimum beskerming van die grond, moet gestreef word na die digste moontlike bedekking en soveel moontlik smaaklike meerjarige grasse in verhouding tot bossies en struike.

Om 'n ekonomies geregverdigde benuttingsmetode as bewaringsboerdery daar te stel vereis deeglike beplanning en die inskakeling van bewarings- en benuttingsmaatreëls in dieselfde sisteem.

Beginsels van veldbestuur

Byna alle veldbestuurstelsels in Suid-Afrika is op wisselweiding gebaseer en berus op die beginsel van die alternatiewe benutting en rus van veld. Daar is hoofsaaklik drie (3) beginsels van veldbestuur wat universeel is, nl. die doeltreffende rus van veld, die doeltreffende benutting van veld en die aanhou van nie net die regte aantal nie, maar ook die regte tipe diere. Die beginsels bly altyd dieselfde, maar die toepassing van hierdie drie (3) beginsels verskil egter met betrekking tot die omgewing, die klimaat, die tipe dier en die veldbestuurstelsel wat gebruik word.

Die doeltreffende rus van veld is waarskynlik die belangrikste beginsel, maar as die regte aantal diere nie aangehou word nie, sal veld nie doeltreffende kan rus of benut word nie. Faktore soos aantal, grootte en vorm van kampe, aantal en plasing van waterpunte, skeiding van veldtipes ens., speel ook 'n rol in die doeltreffende benutting en daarna rus van veld. Dit is veral kampgrootte en vorm, saam met die skeiding van veldtipes en die regte aantal diere wat 'n groot rol speel in die doeltreffende benutting van veld. Die toevallige afwesigheid van diere in 'n kamp beteken nie noodwendig dat die veld gerus het nie, tensy die periode so lank is dat dit 'n definitiewe doel dien. Hoewel doeltreffende rus van veld waarskynlik die belangrikste veldbestuursbeginsel is, is die aanhou van die die regte aantal diere nie juis minder belangrik nie. Uit navorsingsresultate is dit duidelik dat veegetalle enige weidingstelsel kan maak of breek.

In kort sê die beginsels van veldbestuur dat die weiperiode so kort (verkieslik nie langer as 14dae in die groeiseisoen nie) as moontlik moet wees, en die rusperiode ('n volle groeiseisoen is die ideaal) so lank prakties moontlik moet wees. Veldtipes moet geskei wees, kampe nie te groot nie en so na as moontlik aan vierkantig of driehoekig in vorm, om eenvormige effektiewe benutting te verkry. Vir die doeltreffende benutting en omskakeling van die beskikbare benutbare materiaal, moet die regte tipe aangepaste en gesonde diere gebruik word. Genoeg kampe per trop (wat tot 'n groot mate deur die tipe bestuurstelsel wat toegepas bepaal word) is belangrik, omdat byna geen veldbestuurstelsel met te min kampe kan slaag nie.

Vir meer detail en inligting skakel gerus:
018 581 1016.